VERANTWOORDELIKHEDE VAN DIE JEUG VAN SUID-AFRIKA

Gelykheid

Behandel elke persoon met gelykheid en billikheid. Moenie diskrimineer nie.



Menswaardigheid

Respekteer almal. Wees vriendelik en gee om vir ander.



Lewe

Alle lewe is kosbaar. Behandel alle lewe met respek.



Gesin en familie

Eer en respekteer jou ouers. Wees vriendelik en lojaal teenoor jou gesin en familie.



Onderwys

Woon die skool by, leer en werk hard. Gehoorsaam die skool se reëls.



Werk

Help jou gesin met werk in die huis. Kinders mag nie gedwing word om buite die huis te werk nie.



Vryheid en sekuriteit

Moenie ander mense seermaak, boelie of intimideer nie, en moenie toelaat dat ander dit doen nie. Besleg geskille op `n vreedsame manier.



Eiendom

Respekteer die eiendom van ander. Moenie eiendom beskadig nie, en moenie steel nie.



Religie, oortuiging en menings

Respekteer die oortuigings en menings van ander.



Veiligheid

Sorg vir die aarde. Moenie water of elektrisiteit vermors nie. Sorg vir diere en plante. Hou jou huis en gemeenskap skoon en veilig.



Burgerskap

Wees `n goeie, getroue burger van Suid-Afrika. Gehoorsaam die wette, en maak seker dat ander dit ook doen.



Vryheid van uitdrukking

Moenie leuens en haat versprei nie. Moenie ander beledig of krenk nie.



ISBN: 978-1-4315-0027-7



Rainbow WORKBOOKS

MATHEMATICS IN AFRIKAANS
GRADE 5 – BOOK 1
TERMS 1 & 2
ISBN 978-1-4315-0027-7
THIS BOOK MAY NOT BE SOLD.
7th Edition

1 2 3 4

Published by the Department of Basic Education
222 Struben Street
Pretoria
South Africa

© Department of Basic Education

Seventh edition 2017
Author team: Blom, L., Aitchison J.J.W

The Department of Basic Education has made every effort to trace copyright holders but if any have been inadvertently overlooked. the Department will be pleased to make the necessary arrangements at the first opportunity.

WISKUNDE IN AFRIKAANS – Graad 5 Boek 1

ISBN 978-1-4315-0027-7

Hersien volgens die KABV



Graad 5

Naam:

Klas:

basic education
Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

WISKUNDE IN AFRIKAANS

Boek 1
Kwartaal 1 & 2

Inhoud

No.	Titel	Bl.
R1a	Basis-tien-gebaseerde tel	ii
R1b	Basis-tien-gebaseerde tel (vervolg)	iv
R2a	Getalle van 0 tot 10 000	vi
R2b	Getalle van 0 tot 10 000 (vervolg)	viii
R3a	Patrone in optelling en aftrekking I tot 10 000	x
R3b	Patrone in optelling en aftrekking I tot 10 000 (vervolg)	xii
R4a	Veelvoude en vermenigvuldiging	xiv
R4b	Veelvoude en vermenigvuldiging (vervolg)	xvi
R5a	Deling en faktore	xviii
R5b	Deling en faktore (vervolg)	xx
R6	Bewerkings	xxii
R7a	Verhouding en koers	xxiv
R7b	Verhouding en koers (vervolg)	xxvi
R8	Breuke	xxviii
R9	Breuke probleme	xxx
R10	Geld probleme	xxxii
R11	Lengte	xxiv
R12	Oppervlakte en Omtrek	xvi
R13	Volume	xxxix
R14	2D-vorms en 3D-voorwerpe	xl
R15	Massa/gewig	xlii
R16	Datahantering	xliv
1a	Getalle 0 tot 1 000	2
1b	Getalle 0 tot 1 000 (vervolg)	4
2	Getalle van 0 tot 10 000	6
3	Meer oor getalle van 0 tot 10 000	8
4	Getallepatrone	10
5	Nog getallesinne	12
6a	Optelling tot 4-syfer getalle	14
6b	Optelling tot 4-syfer getalle (vervolg)	16
7a	Optelprobleme	18
7b	Optelprobleme (vervolg)	20
8a	Aftrekking van 4-syfer getalle	22
8b	Aftrekking van 4-syfer getalle (vervolg)	24
9a	Aftrekprobleme	26
9b	Aftrekprobleme (vervolg)	28
10a	Optelprobleme en Aftrekprobleme tot 5-syfer getalle	30
10b	Optelprobleme en Aftrekprobleme tot 5-syfer getalle (vervolg)	32
11	Patrone en tabelle	34
12	Patrone en vloeidiagramme	36
13	Getallepatrone	38
14	Nog getallepatrone	40
15a	Vermenigvuldiging van 1-syfergetal met 2-syfergetalle	42
15b	Vermenigvuldiging van 1-syfergetal met 2-syfergetalle (vervolg)	44
16a	Vermenigvuldiging: 2-syfergetalle met 1-syfergetal en 2-syfergetalle met 2-syfergetalle	46
16b	Vermenigvuldiging: 2-syfergetalle met 1-syfergetal en 2-syfergetalle met 2-syfergetalle (vervolg)	48
17a	Vermenigvuldiging: 2-syfergetalle met 2-syfergetalle	50
17b	Vermenigvuldiging: 2-syfergetalle met 2-syfergetalle (vervolg)	52
18a	Groepeer- en deelprobleme	54
18b	Groepeer- en deelprobleme (vervolg)	56
19	Deling: 3-syfer met 1-syfergetalle	58
20a	Bereken tyd	60
20b	Bereken tyd (vervolg)	62

No.	Titel	Bl.
21	Meer oor tyd	64
22a	Datahantering	66
22b	Datahantering (vervolg	68
23a	Veelhoeke	70
23b	Veelhoeke (vervolg)	72
24a	Kapasiteit/Volume	74
24b	Kapasiteit/Volume (vervolg)	76
25a	Getalle 0 –20 000	78
25b	Getalle 0 –20 000 (vervolg)	80
26	Afronding	82
27a	Rond af tot die naaste 5	84
27b	Rond af tot die naaste 5 (vervolg)	86
28	Voltooi met getalle	88
29a	Optelling met tot 5-syfer getalle	90
29b	Optelling met tot 5-syfer getalle (vervolg)	92
30a	Aftrekking tot 5-syfer getalle	94
30b	Aftrekking tot 5-syfer getalle (vervolg)	96
31	Optelling en aftrekking van 4-syfergetalle	98
32	Geldprobleme	100
33	Spaar, koop en verkoop	102
34	Breuke	104
35	Vergelyking van breuke	106
36	Groepering en deling wat tot breuke ly	108
37	Breuke en deling	110
38	Breuke: halwes tot twaalfdes	112
39	Optelling en aftrekking van breuke met dieselfde delers	114
40	Meetinstrumente	116
41a	Herlei tussen lengtes	118
41b	Herlei tussen lengtes (vervolg)	120
42a	Meters en breuke	122
42b	Meters en breuke (vervolg)	124
43	Breuke deur meting	126
44a	Vermenigvuldiging: 2 syfers met 3 syfers en 4 syfers met 1 syfer	128
44b	Vermenigvuldiging: 2 syfers met 3 syfers en 4 syfers met 1 syfer (vervolg)	130
45	Koers	132
46	Veelvoude en faktore	134
47	Faktore	136
48	Distributiewe eienskap van getal	138
49	Vermenigvuldiging: 3-syfer- met 2-syfergetalle	140
50	Plat of geboë oppervlaktes	142
51	Reghoekige prismas en kubusse	144
52	Aansigte	146
53	Poligone en sirkels	148
54	Maak 3-D voorwerpe	150
55	Meetkundige patrone	152
56	Ondersoek patrone	154
57	Brei uit, beskryf en skep patrone	156
58a	Simmetrielyne	158
58b	Simmetrielyne (vervolg)	160
59a	Deling- en groepering-probleme	162
59b	Deling- en groepering-probleme (vervolg)	164
60	Verhouding	166
61	Deling sonder 'n res deur van leidraadborde gebruik te maak	168
62	Deling met 'n res	170
63	Deling	172
64	Delingprobleme	174



Mev. Angie Motshekga, Minister van Basiese Onderwys



Mnr. Enver Surty, Adjunkminister van Basiese Onderwys

Hierdie werkboeke is vir Suid-Afrika se kinders ontwikkel onder leiding van die Minister van Basiese Onderwys, mev Angie Motshekga, en die Adjunkminister van Basiese Onderwys, mnr Enver Surty.

Die Reënboog-werkboeke maak deel uit van 'n reeks intervensies deur die Departement van Basiese Onderwys met die doel om die prestasie van Suid-Afrikaanse leerders in die eerste ses grade te verbeter. Hierdie projek is 'n prioriteit van die Regering se Plan-van-Aksie en moontlik gemaak deur die ruim befondsing van die Nasionale Tesourie. Die Departement is hierdeur in staat gestel om hierdie werkboeke gratis in al die amptelike tale te voorsien.

Ons hoop dat u as onderwyser hierdie werkboeke in u daaglikse onderrig nuttig sal vind en ook sal verseker dat u leerders die kurrikulum dek.

Al die aktiwiteite in die werkboeke het ikone om aan te dui wat die leerders moet doen.

Ons hoop van harte dat die leerders dit gaan geniet om deur die boeke te werk terwyl hulle leer en groei en dat u as onderwyser dit saam met hulle sal geniet.

Ons wens u en u leerders alle sukses in die gebruik van hierdie werkboeke toe.

Rainbow WORKBOOKS

Graad 5

wiskunde

AFRIKAANS

Boek 1

1. Hersiening Werkblaaie: R1 tot R16
   Sleutelkonsepte van Graad 4
2. Werkblaaie: 1 tot 64
3. Werkblaaie: 65 tot 144

Naam:

Die struktuur van ‘n werkblad

Werkblad nommer
(Hersiening R1 tot R16, Gewone 1 tot 148)

Werkblad titel


Tema inleiding
(Teks en prentjies om jou te help om te dink oor en om die tema van die werkblad te bespreek.)

Kwartaal aanwyser
(Daar is veertig werkblaaie per kwartaal.)


Vrae

Kleur kode vir inhoud area

Inhoud	Kantlyn kleur
Hersiening	Pers
Nommer	Turkoois
Patrone en funksies (algebra)	Elektriese blou
Spasie en vorms (meetkunde)	Oranje
Meting	Groen
Data hantering	Rooi



Taal kleur kode:
Afrikaans (Rooi), Engels (Blou)



Voorbeeld raam (in geel)

Pret / uitdaging / probleem oplos aktiwiteit
(Dit is die einde van ‘n werkblad aktiwiteit wat prettige of uitdagende aktiwiteite kan insluit wat ook met ouers of broers en susters by die huis gedeel kan word.)

Onderwyser assessering beoordeling, handtekening en datum

Rainbow WORKBOOKS

Graad 5

wiskunde

AFRIKAANS Boek 1

DEEL 1

Hersiening


Sleutelkonsepte van Graad 4


WERKBLAAIE R1 tot R16

Naam:

R1a Basis-tien-gebaseerde tel


Hoeveel lemoene is daar?
Kyk hoe vinnig jy hulle kan tel.







1. Tel die lemoene.

a. 


b. 

c. 


d. 



e.



f.





vervolg ☛

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

R1b Basis-tien-gebaseerde tel vervolg


Hoeveel lemoene is daar?


2. Tel die lemoene. Die sakke en bokse het dieselfde aantal lemoene as hierbo.

a.







b.







3. **Die getal op elke boks dui die aantal voorwerpe daarin aan. Wat is die totale aantal voorwerpe in al die bokse?**


a. 

b. 

c 

Hoe vinnig is jy?

Benodig:
Knipselblad 1.




Wat om te doen:
- Speel in groepe.
- Knip die kaarte agter in jou boek uit.
- Plaas hulle onderstebo op die tafel.
- Jy kies vyf kaarte en jou vriend kies vyf kaarte.
- Draai hulle gelyk om.
- Kyk wie die totaal die vinnigste kan gee.
- Kyk na jou vriend se antwoord.
- Doen dieselfde met 6/7/8/9/10 kaarte.
- Die speler met die meeste korrekte antwoorde is die wenner.


Teken:

Datum:

R2a Getalle van 0 tot 10 000

Watter getal sal die kaarte saam gee?





8 621

In woorde is dit

agtduisend, seshonderd een en twintig



Dit is 8 621 in syfers.

1. Voltooi die volgende:

a. 3 0 0 + 4 0 = _____

b. 7 0 0 + 8 = _____

c. 3 0 0 0 + 1 0 0 + 4 0 = _____

d. 9 0 0 0 + 6 0 + 7 = _____

e. 6 0 0 0 + 9 = _____

2. Skryf die getal in die korrekte kolom:

		Duisende	Honderde	Tiene	Ene
a.	387		3	8	7
b.	704				
c.	4 205				
d.	8 390				
e.	4 100				

3. Voltooi die volgende:

- 723 = 7 honderde + 2 tiene + 3 ene

- 678 = _____

- 5 021 = _____

- 7 804 = _____

- 6 300 = _____

Teken:

Datum:

vervolg ☛

R2b Getalle van 0 tot 10 000 vervolg

4. Kyk na die eerste voorbeeld (a.).
Skryf die res van die getalle ook in uitgebreide notasie.

a. 654 = 600 + 50 + 4

b. 203 = _____

c. 2 015 = _____

d. 8 002 = _____

e. 7 605 = _____

5. Skryf die volgende in woorde:

a. 50 _____

b. 300 _____

c. 8 000 _____


d. 730 _____

e. 9 200 _____

f. 4 729 _____

Hoe groot is jou getal?

Benodig:
Knipselblad 3.



Wat om te doen:

- Speel in groepe.
- Elke speler gooi die duisende (blou dobbelsteen), honderde (rooi dobbelsteen), tiene (groen dobbelsteen) en ene (geel dobbelsteen).
- Elke speler gebruik dan sy of haar plekwaardekaarte om die 4-syfergetal voor te stel.
- Die wenner is die speler met die grootste getal.
- Doen dieselfde aktiwiteit 5 keer.




Teken:

Datum:

R3a Patrone in optelling en aftrekking 1 tot 10 000

Wat beteken optel en aftrek?



1. Voltooi die patroon:

a. + 100 + 100 + 100

200	300	400			

b. – 200 – 200 – 200

2 000	1 800	1 600			

c. + 500 + 500 + 500

500	1 000	1 500			

d. + 300 + 300 + 300

600	900	1 200			

e. – 400 – 400 – 400

5 000	4 600	4 200			

2. Voltooi die patroon:

a. 200, 400, 600, _____

b. 400, 800, 1 200, _____

c. 1 000, 1 500, 2 000, _____

d. 9 000, 8 000, 7 000, _____

e. 7 700, 7 600, 7 500, _____

3. Voltooi die tabel:

		Voltooi tot die volgende 10	Voltooi tot die volgende 100
a.	48	48 + 2 = 50	48 + ____ = 100
b.	164	164 + ____ = 170	164 + ____ = 200
c.	549	549 + ____ = 550	549 + ____ = 600
d.	176	176 + ____ = 180	176 + ____ = 200
e.	398	398 + ____ = 400	398 + ____ = 400

Teken:

Datum:

vervolg ☛

R3b Patrone in optelling en aftrekking 1 tot 10 000 vervolg

Voorbeelde:

Voorbeeld 1:

5 783 + 129

= 5 000 + 700 + 80 + 3 + 100 + 20 + 9

= 5 000 + 800 + 100 + 12

= 5 000 + 900 + 10 + 2

= 5 912

Voorbeeld 2:

	3	2	4	7	
+		7	3	8	
			1	5	(8 + 7)
			7	0	(40 + 30)
		9	0	0	(200 + 700)
+	3	0	0	0	(3 000)
	3	9	8	5	

4. Gebruik albei metodes om die volgende te bereken. Skryf die stappe in jou werksboek neer.

a. 654 + 43 =

b. 572 + 317 =

c. 1 671 + 327 =

Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.

d. 2 164 + 42 =

e. 4 256 + 2 487 =

f. 2 194 + 3 642 =

Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.

Voorbeelde:

Voorbeeld 1:

8 342 – 2 131

= (8 000 – 2 000) + (300 – 100) + (40 – 30) + (2 – 1)

= 6 000 + 200 + 10 + 1

= 6 211

Voorbeeld 2:

	8	3	4	2	
–	2	1	3	1	
				1	(2 – 1)
			1	0	(40 – 30)
		2	0	0	(300 – 100)
–	6	0	0	0	(8 000 – 2 000)
	6	2	1	1	

5. Gebruik albei metodes om die volgende te bereken. Skryf die stappe in jou werksboek neer.

a. 7 182 – 61 =

b. 7 546 – 431 =

c. 8 764 – 3 451 =

Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.

d. 2 456 – 83 =

e. 4 658 – 999 =

f. 8 759 – 4 793 =

Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.

+ Hoe groot is die getal?

Benodig:
- Gebruik die 10'e-, 100'e- en 1 000'e-dobbelstene wat jy in die vorige aktiwiteit gemaak het.
- Skoon papier.



Wat om te doen:
- Gooi die (groen) 10'e-dobbelsteen.
- Tel die getal op die dobbelsteen by die eerste getal op die blou kaart.
- Skryf jou berekeninge op die papier neer.
- Doen nou dieselfde met die ander vier getalle op die blou kaart.
- Kontroleer mekaar se antwoorde.
- Die wenner is die speler met die meeste korrekte antwoorde.

1 132
1 423
1 400
1 675
1 897

– Herhaal die aktiwiteit met aftrekking.

Teken:

Datum:

R4a Veelvoude en vermenigvuldiging

×

Wat beteken vermenigvuldiging?



vermenigvuldig
groepe van
produk
maal
vermenigvuldig met

Voorbeelde van veelvoude:

- Sommige veelvoude van 2 is 2, 4, 6, 8, 10, 12, 14, 16, 18, …
- Sommige veelvoude van 4 is 4, 8, 12, 16, 20, 24, 28, 32, …

1. Voltooi die getallebord. Ons het 'n paar vir jou gedoen.

a. Kleur al die veelvoude van 2 met geel in.

b. Omkring al die veelvoude van 3.

c. Trek 'n driehoek om die veelvoude van 4.


x	1	2	3	4	5	6	7	8	9
1		2	3						
2	2	4	6						
3		6		12					
4				16					
5									
6									
7									
8									
9				36					

2. Skryf 'n vermenigvuldigingsom vir die volgende:

a.



b.



c.




Teken:

Datum:


vervolg ☛

Veelvoude en vermenigvuldiging vervolg

d.



e.



Voorbeelde:

Voorbeeld 1:

56 × 5
= (50 + 6) × 5
= (50 × 5) + (6 × 5)
= 250 + 30
= 280

Voorbeeld 2:

$$\begin{array}{rr} & 5\ 6 \\ \times & 5 \\ \hline & 3\ 0 \quad (6 \times 5) \\ + & 2\ 5\ 0 \quad (50 \times 5) \\ \hline & 2\ 8\ 0 \end{array}$$

3. Gebruik albei metodes om die volgende te bereken. Skryf die stappe wat jy gebruik in jou werksboek neer.

a. 24 × 3 =

b. 52 × 9 =

Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.


c. 23 × 21 =

d. 46 × 37 =


Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.

Ek kan binne een minuut …

Benodig:
- Gebruik die 10'e- en 100'e-dobbelsteen wat jy in die vorige aktiwiteit gemaak het.
- Skoon papier.



Wat om te doen:
- Rol eers die 10'e-dobbelsteen en dan die 100'e-dobbelsteen.
- Vermenigvuldig die twee getalle met mekaar.
- Skryf die vermenigvuldigingsom en jou antwoord op die papier neer.
- Herhaal tot jou onderwyser sê jy moet stop.
- Kontroleer mekaar se antwoorde.
- Die wenner is die speler met die meeste korrekte antwoorde.



Teken:

Datum:

R5a Deling en faktore

÷



deling
res
gedeel deur
deel

1. Kyk na die blokkies wat ingekleur is. Skryf 'n deelsom vir elkeen neer.

x	1	2	3	4	5	6	7	8	9
1	1	2	3	4	5	6	7	8	9
2	2	4	6	8	10	12	14	16	18
3	3	6	9	12	15	18	21	24	27
4	4	8	12	16	20	24	28	32	36
5	5	10	15	20	25	30	36	40	45
6	6	12	18	24	30	36	42	48	54
7	7	14	21	28	35	42	49	56	63
8	8	16	24	32	40	48	56	64	72
9	9	18	27	36	45	54	63	72	81

a. 24 ÷ 6 = 4 of 24 ÷ 4 = 6

b. _____

c. _____

d. _____

e. _____

f. _____

g. _____

h. _____

i. _____

j. _____

2. Voltooi die vloeidiagramme:

a.

35	5
42	6
14	2
56	8
63	9

b.

25	5
15	3
50	10
45	9
35	7

c.


42	7
6	1
54	9
30	5
36	6

3. Skryf 'n deelsom vir die volgende:

a.



b.



Teken:

Datum:


vervolg ☛

R5b Deling en faktore vervolg


c.



d.



e.



Voorbeelde:

Voorbeeld 1:

42 ÷ 2
= (40 + 2) ÷ 2
= (40 ÷ 2) + (2 ÷ 2)
= 20 + 1
= 21

Voorbeeld 2:

369 ÷ 3
= (300 + 60 + 9) ÷ 3
= (300 ÷ 3) + (60 ÷ 3) + (9 ÷ 3)
= 100 + 20 + 3
= 123

4. Gebruik die metodes hierbo. Skryf die stappe in jou werkboek neer.

a. 64 ÷ 2 =

b. 63 ÷ 3 =

c. 48 ÷ 4 =

Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.

d. 55 ÷ 5 =

e. 448 ÷ 4 =

f. 318 ÷ 3 =


Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.

÷

Ek kan binne een minuut ...


Benodig:

- Gebruik die 100'e-dobbelsteen wat jy in die vorige aktiwiteit gemaak het.
- Gewone pienk dobbelsteen op: knipselblad 3.
- Skoon papier.



Wat om te doen:

- Rol eers die 10'e-dobbelsteen en dan die gewone pienk-dobbelsteen.
- Deel die grootste getal deur die kleinste getal.
- Skryf die delingsom en jou antwoord op jou papier neer.
- Herhaal tot jou onderwyser sê jy moet stop.
- Kontroleer mekaar se antwoorde.
- Die wenner is die speler met die meeste korrekte antwoorde.



Teken:


Datum:

R6 Bewerkings


Hoe vinnig kan jy die volgende bereken?

4 + 2 =	1 + 7 =	7 + 5 =	6 + 5 =
3 + 6 =	3 + 2 =	8 + 6 =	9 + 9 =
5 + 4 =	1 + 9 =	9 + 4 =	8 + 7 =
2 + 8 =	2 + 4 =	7 + 7 =	


1. Skryf somme vir die volgende. Ons het die eerste een vir jou gedoen.

a. 


3 + 5 = 5 + 3

b. 


____ = ____

c. 

____ = ____

d. 

____ = ____

e. 

____ = ____

2. Vul die ontbrekende syfers in.

a. 7 + 2 = ◯ + 7

b. 3 + 9 = ◯ + 3

c. 8 + 4 = 4 + ◯

d. 6 + 5 = 5 + ◯

e. ◯ + 1 = 1 + 9

f. 3 + ◯ = 2 + 3

3. Vul die ontbrekende syfers in.

a. 2 × 3 = ◯ × 2

b. 5 × 4 = ◯ × 5

c. 1 × 8 = 8 × ◯

d. 6 × 3 = 3 × ◯

e. 7 × ◯ = 9 × 7

f. ◯ × 5 = 5 × 4

4. Pas kolom A by kolom B.

Kolom A	Kolom B
10 + 2 =	7 + 5 =
4 × 5 =	5 × 4 =
3 + 9 =	2 + 10 =
3 × 2 =	1 + 6 =
5 + 7 =	9 + 3 =
6 × 4 =	5 × 7 =
9 + 4 =	8 × 4 =
7 × 5 =	4 × 6 =
6 + 1 =	4 + 9 =
4 × 8 =	2 × 3 =

Patroonpret

Hoe vinnig kan jy die antwoord kry?

5	9	25	100
10	12	50	200
15	15	75	300

Kleur die kaarte in ...

Kleur die kaarte in met die somme waarvan die antwoord dieselfde is.

6 + 8	7 + 3	2 × 9	6 × 8	3 × 7
9 × 2	9 + 2	6 + 5	5 + 6	2 + 9
7 × 3	8 × 6	8 + 6	3 + 7	6 – 5


Teken:

Datum:

R7a Verhouding en koers

Bespreek wat die woorde "verhouding" en "koers" beteken.

Verhouding



Koers

'n Hoender kos R50 per kg.





1.



a. Hoeveel suurlemoene sien jy? _____

b. Hoeveel piesangs sien jy? _____

c. Wat is die verhouding van die piesangs tot die perskes? _____

d. Wat is die verhouding van die perskes tot die piesangs? _____

e. Wat is die verhouding van die perskes tot al die vrugte? _____

2.



a. Hoeveel pienk blommetjies tel jy? _____

b. Hoeveel geel blommetjies tel jy? _____

c. Hoeveel pers blommetjies tel jy? _____

d. Hoeveel wit blommetjies tel jy? _____

e. Wat is die verhouding van die pienk blomme tot die geel blomme? _____

f. Wat is die verhouding van die geel blomme tot die pers blomme? _____

g. Wat is die verhouding van die pienk blomme tot die pers blomme? _____

h. Wat is die verhouding van die geel blomme tot die wit blomme? _____

i. Wat is die verhouding van die wit blomme tot die pienk blomme? _____

Teken:

Datum:

vervolg ☛

Verhouding en Koers vervolg

3.




Kaas
R40
per kg



Vleis
R60
per kg



Melk
R10
per liter



Lint
R5
per meter

Skryf hieronder wat die prentjies vir ons sê. Gebruik die koerssimbool (/).

a. Kaas is R40/ _____

b. _____

c. _____

d. _____

4. Kaas: R40/kg

a. Hoeveel sal dit my kos as ek 1 kg kaas koop? _____

b. Hoeveel sal dit my kos as ek 2 kg kaas koop? _____

c. Hoeveel sal dit my kos as ek 3 kg kaas koop? _____

d. Hoeveel sal dit my kos as ek 4 kg kaas koop? _____

e. Hoeveel sal dit my kos as ek 'n halwe kilogram kaas koop? _____

5. Simon word R9 per uur betaal. Hoeveel uur moet hy werk as hy R54 wil verdien?

Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.

Inkopiepret ...

- Loop deur die winkel en soek 3 plekke waar hul rand/kilogram geskryf het.
- Bring jou voorbeelde skool toe en deel dit met die klas.



Teken:

Datum:

R8 Breuke







Kyk na die tabelle en gebruik woorde soos $\frac{1}{2}$, $\frac{1}{4}$, en $\frac{1}{8}$.




Drie kartonsirkels is op verskillende maniere opgesny en die stukke van elkeen op 'n tafel uitgepak.

Kyk na elke tafel en bespreek dit in 'n groep. Wat sal gebeur as julle op elke tafel die stukke weer bymekaar pak om 'n sirkel te vorm?


1. Kyk na die ingekleurde sirkels. Skryf 'n deelsom vir elkeen neer.

Breukesirkel	Breuk wat groen is	Deelsom	Kleur dieselfde breuk op die diagram in
a. 	$\frac{1}{4}$	$1 \div 4 = \frac{1}{4}$	 $\frac{1}{4}$ is groen.
b. 			
c. 			
d. 			
e. 			
f. 			
g. 			
h. 			


2. Kyk na die maatband en beantwoord die volgende vrae.




a. Wat is die helfte van 24 m? ____ Ons kan sê **24 ÷ 2 = 12**.



b. Wat is een derde van 24 m? ____ Ons kan sê **24 ÷** ____ **=** ____.



c. Wat is een sesde van 24 m? ____ Ons kan sê **24 ÷** ____ **=** ____.



d. Wat is een agtste van 24 m? ____ Ons kan sê **24 ÷** ____ **=** ____.

3. Gebruik knipselblad 4 en vul <, > of = in.

a. $\frac{1}{2}$ [>] $\frac{1}{4}$

b. $\frac{1}{2}$ [ ] $\frac{1}{8}$

c. $\frac{1}{8}$ [ ] $\frac{1}{4}$

d. $\frac{1}{3}$ [ ] $\frac{1}{6}$

e. $\frac{1}{6}$ [ ] $\frac{1}{8}$

f. $\frac{1}{5}$ [ ] $\frac{1}{6}$

g. $\frac{1}{7}$ [ ] $\frac{1}{6}$

h. $\frac{2}{4}$ [ ] $\frac{1}{2}$

i. $\frac{4}{8}$ [ ] $\frac{1}{2}$

j. $\frac{2}{6}$ [ ] $\frac{1}{7}$

k. $\frac{4}{6}$ [ ] $\frac{2}{3}$

l. $\frac{4}{5}$ [ ] $\frac{3}{8}$

m. $\frac{7}{8}$ [ ] $\frac{2}{3}$

n. $\frac{8}{8}$ [ ] 1

o. $\frac{5}{7}$ [ ] $\frac{4}{5}$

Sien die breuke-speletjie in die volgende les.

Teken:

Datum:

R9 Breuke probleme

Kyk na die liniaal. Beskryf dit deur van cm, mm, en heelgetalle gebruik te maak.




1. Hoeveel lemoensap is in elke houer? Kies die korrekte antwoord en omkring dit.



a.	b.	c.	d.	e.
i. 3 liter	i. 3 liter	i. 4 liter	i. 2 liter	i. 3,5 liter
ii. 3,5 liter	ii. 2,5 liter	ii. 2,5 liter	ii. 1,5 liter	ii. 4 liter
iii. 2 liter	iii. 2 liter	iii. 3,5 liter	iii. 2,5 liter	iii. 2,5 liter

2. Hoe lank is elke lyn? Gee jou antwoord in millimeter en sentimeter.



a. Pienk lyn	_____ mm	_____ cm
b. Pers lyn	_____ mm	_____ cm
c. Groen lyn	_____ mm	_____ cm
d. Blou lyn	_____ mm	_____ cm
e. Rooi lyn	_____ mm	_____ cm

3. Daar is agt kinders by jou partytjie. Teken prentjies om jou te help om die vrae te beantwoord.

a. Twee koeke word gelykop tussen agt kinders verdeel. Watter gedeelte van 'n koek sal elke kind kry?




_____

b. Elke kind kry een agtste van die suigstokkies. Hoeveel suigstokkies sal elke kind kry?



_____

c. Hoeveel vrugtesap sal elke kind kry as jy dit gelykop tussen hulle verdeel?



_____

Breukepret by die huis …

- Soek soveel dinge moontlik by die huis wat in gelyke dele verdeel kan word.
- Benoem die voorwerp en sê in hoeveel dele dit verdeel kan word.

Teken:

Datum:

R10 Geld probleme

Kyk na die prentjies. Bespreek wat jy daarmee kan doen.






1. **Jy en drie van jou maats het julle speelgoed bymekaar gesit, om dit te verkoop sodat julle sport T-hemde kan koop. Elke T-hemp kos R50.**



a. Kyk hierbo. Dit is wat jy op die eerste dag verkoop het. Hoeveel het jy verkoop? _____

b. Hoeveel geld het jy nodig om al vier T-hemde te koop?

_____

c. Hoeveel T-hemde kan jy na die eerste dag koop?

_____

d. Hoeveel speelgoed moet jy nog verkoop voordat jy die T-hemde kan koop?

_____

2. **Julle het na 3 dae al die speelgoed verkoop. Jy het rekord gehou van wat julle verkoop het. Jy moet nou alles bereken.**



Eerste dag	**Ek het verkoop:** R1 5 , 0 0 R1 7 , 0 0 + R4 5, 0 0 _____ _____	**Ek moet nog** ____ **se speelgoed verkoop, om al die T-hemde te koop. Bereken dit hier.**
Tweede dag	**Ek het verkoop:** R2 5 , 0 0 R3 5 , 0 0 R 8, 0 0 + R2 2 , 0 0 _____ _____	**Ek moet nog** ____ **se speelgoed verkoop, om al die T-hemde te koop. Bereken dit hier.**
Derde dag	**Ek het verkoop:**	**Het ons genoeg geld vir 4 T-hemde? Wys jou som hier.**

Ek wens …




- Skryf neer wat jy regtig sal wil koop.
- Hoeveel kos dit?
- Wat kan jy doen om die geld te kry?

Teken:

Datum:


R11 Lengte





Ongeveer 3 cm

Ongeveer hoeveel skuifspelde is die potlood lank? lank? Hoe het jy dit uitgevind?




1. 'n Skuifspeld is ongeveer 3 sentimeter lank.
Gebruik die skuifspeld om die volgende te skat. Toets jou skatting deur dit tot die naaste sentimeter te meet.

	Skatting	**Meting**
a. Lengte van jou duim.		
b. Breedte van jou wiskundeboek.		
c. Lengte van 'n kryt.		
d. Lengte van 'n potlood.		
e. Lengte van 'n koevert.		
f. Lengte van 'n uitveër.		

2. Gebruik jou sentimeterliniaal. Skryf die lengte van elke voorwerp neer.


a. 

b. 

c. 




3. Kyk na die prentjie en voltooi die tabel.



Afstand van:	Meter (m)	Sentimeter (cm)
Die rondomtalie na die leer.		
Die leer na die swaai.		
Die swaai na die wipplank.		
Die wipplank na die glyplank.		

4. 'n Heining is om die speelgrond gebou. Hoe lank is die heining? Skryf jou antwoord in meter en sentimeter neer.

_____ **m** _____ **cm**



Hoe lank?



- Hoe lank is jy?
- Hoe lank is jou ma of voog?
- Hoe lank is jou pa?
- Hoe lank is jou skoolhoof?

Teken:


Datum:


R12 Oppervlakte en Omtrek

Die oppervlakte van 'n vorm is die aantal vierkante ene wat nodig is om die binnekant van die vorm te bedek.




Vierkante ene





Die oppervlakte is 10 vierkante ene.

1. Wat is die oppervlakte van elke vorm? Gee jou antwoord in vierkante ene.




a. _____ b. _____ c. _____ d. _____

2. Teken die vorm wat hieronder beskryf word.

a. 'n Rooi vierkant met 'n oppervlakte van 1 vierkante eenheid.
b. 'n Groen reghoek met 'n oppervervlakte van 4.
c. 'n Geel reghoek met 12 vierkante ene.
d. 'n Blou reghoek, wat langer is as wat dit breed is, met 'n oppervlakte van 10 vierkante ene.

3. **Wat is die oppervlakte van die reghoeke? Gee jou antwoorde in vierkante meter. Tel ook die dele wat agter die prentjies is.**



a. _____ b. _____ c. _____ d. _____ e. _____

4. **'n Tafelblad het vier rye vierkantige teëls.**
Daar is 9 teëls in 'n ry. Wat is die oppervlakte van die tafel in teëls? Teken 'n prentjie om jou antwoord te toon.

5. **'n Tafelblad het drie rye vierkantige teëls.**
Daar is 8 teëls in elk van die eerste twee rye en 7 teëls in die derde ry. Wat is die oppervlakte van die tafelblad in teëls? Teken 'n prentjie om jou antwoord te toon.

Teëlpret …



- Jy gebruik hierdie teëls om 'n vloer te teël.
- Hoeveel teëls gaan jy nodig hê om die vloer aan die regterkant te teël?


Teken:

Datum:

R13 Volume

Werk in groepe. Versamel groot leë houers. Skat watter houers ongeveer 1 liter sal kan vat. Meet wat elke houer kan vat tot die naaste liter.



1. Omkring die korrekte antwoord.

a. 'n Koppie bevat _____ 'n lemoensapkarton.
minder as, dieselfde as


b. Die lemoensapkarton bevat _____ die koppie.
meer as, minder as, dieselfde as

c. Die houer bevat _____ die lemoensapkarton.
meer as, minder as, dieselfde as

d. Die beker bevat _____ die koppie.
meer as, minder as, dieselfde as

e. Die lemoensapkarton bevat _____ die beker.
meer as, minder as, dieselfde as

'n Lemoensap-karton bevat 1 liter.





'n Koppie bevat min of meer 250 ml.

Hierdie beker bevat min of meer 500 ml.



2. Skat of die volgende voorwerpe meer as, minder as of ongeveer dieselfde as 1 liter kan vat.



_____


_____


_____


_____



_____


_____

3. Hoeveel water kan die maatbeker hieronder vat?


_____

4. Hoeveel vloeistof bevat elke maatbeker?




a. _____ ml

_____ ℓ




b. _____ ml

_____ ℓ




c. _____ ml

_____ ℓ



d. _____ ml

_____ ℓ



e. _____ ml

_____ ℓ

i. Watter beker is die volste? _____

ii. Watter beker is die leegste? _____

iii. Hoeveel bevat beker B meer as beker E? _____

iv. Hoeveel bevat beker A meer as beker B? _____

v. Watter beker bevat minder as 500 ml? _____

By die huis …


Soek vyf dinge wat meer as 1liter kan bevat en vyf dinge wat minder as 1 liter kan bevat.


Teken:

Datum:

R14 2D-vorms en 3D-voorwerpe


Benoem die 3D-voorwerpe. Waar in jou omgewing sal jy hulle kry?






1. Sê of die 3D-voorwerp 'n piramiede of 'n prisma is.

a.  _____

b.  _____

c.  _____

d.  _____

e.  _____

f.  _____


g.  _____


h.  _____


i.  _____


j.  _____

2. Benoem al die 2D-vorms. Hoeveel simmetriese lyne het vorms 2a tot 2e? Teken die lyne op die vorm en skryf die getal langsaan neer.


a. driehoek 

b. _____ 

c. _____ 

d. _____ 

e. _____ 

f. _____ 

3. Kies die korrekte vorms om by die korrekte prisma/piramiede te pas.



a. Driehoekige prisma




b. Reghoekige prisma



c. Kubus



d. Pentagonale (vyfhoekige) prisma



e. Heksagonale (seshoekige) prisma




f. Veelvlak/ Driehoekige piramiede




g. Vierkantige piramiede


i.




ii.




iii.




iv.




v.




vi.




vii.



viii.




ix.





Mosaïekvorming

Watter van hierdie vorms kan saam met soortgelyke vorms 'n mosaïek vorm?











Teken:

Datum:

R15 Massa/Gewig

Wat is massa? Kyk na die prentjie hieronder en bespreek dit.



Gram en kilogram is metrieke eenhede wat gebruik word om te bepaal hoeveel 'n voorwerp weeg.



'n Skuifspeld weeg ongeveer 1 g.



'n Boek weeg ongeveer 1 kg.

Gebruik die prentjies, die skuifspeld en die boek as 'n verwysing om te sê hoe swaar die voorwerpe is. Weeg hulle om te sien of jy reg is.







1. Gaan jy gram of kilogram gebruik om die volgende te weeg:

a. 

b. 

c. 

d. 

e. 


2. Gebruik die voorwerpe links, om te skat of die voorwerp ligter of swaarder as 1 kg of 1 gram is.



1 kilogram



1 gram

a. Papiersak 

b. Skoene 

c. 'n Brood 

d. Potlode 

e. Skêr 

f. Sakrekenaar 

3. Kyk na die skale en beantwoord die vrae.


a. Watter voorwerp weeg minder as 700 g? _____

b. Watter voorwerp weeg tussen 500 g en 1 kg? _____

c. Watter voorwerp is die swaarste? _____

d. Wat is die totale massa van voorwerpe A en D? _____

e. Wat is die totale massa van voorwerpe B en C? _____



4. Kyk na die 2 houers.

Is hulle dieselfde grootte? _____ Weeg hulle dieselfde? _____



Die wensak ...



- Elke leerling versamel verskeie voorwerpe in die klaskamer en sit hulle in 'n sak.
- Maak die sak vol tot jy skat dit sal ongeveer 1 kilogram weeg.
- Jy kan die aktiwiteit herhaal deur jou sak met verskillende voorwerpe te vul.

Teken:

Datum:

R16 Datahantering

Elke prentjie verteenwoordig die tipe middagete waarvan graad 5-leerders hou.




1. Sorteer die tipes middagetes waarvan graad 5-leerders hou.


Tipe middagete	Totale aantal kinders
Hamburger	
Worsbroodjie	
Toebroodjie	

2. Gebruik die inligting hierbo om 'n prentegrafiek en staafgrafiek te teken.

Prentegrafiek



Staafgrafiek



3. Gebruik die staafgrafiek om die volgende vrae te beantwoord:

a. Hoeveel kinders hou van hamburgers? _____

b. Hoeveel kinders hou van worsbroodjies? _____

c. Hoeveel kinders hou van toebroodjies? _____

d. Watter middagete is die gewildste? _____

e. Watter middagete is die ongewildste? _____

4. Skryf 3 opskrifte: Gaan beslis gebeur, Gaan beslis nie gebeur nie, Onseker. Klassifiseer elk van die volgende onder een van die drie opskrifte.

– Dit gaan môre in ons dorp reën.
– Dit gaan môre in ons dorp hael.
– Ek sal môre op hierdie tydstip 'n dag ouer wees.
– Ek kan met my oë oop nies.
– 'n Vrou gaan eendag die president van Suid-Afrika wees.
– Ons sokkerspan gaan hierdie jaar die liga wen.
– Iewers in die wêreld word daar nou iemand gebore.
– Sit een gebeurtenis van jou eie by die lys.

Gaan beslis gebeur	Gaan beslis nie gebeur nie	Onseker

Wie is gelukkig?



– Speel in groepe.
– Gebruik 'n muntstuk.
– Begin deur te vra: "Wie is gelukkig?"
– Die eerste speler gooi die munt 10 keer maar voordat hy/ sy die munt gooi, moet hy/sy raai op watter kant die munt gaan land.
– As die speler reg is, kry hy/sy een punt.
– Doen dit 10 keer in 'n groep.
– Die speler met die hoogste telling is die wenner.

Notas

Rainbow WORKBOOKS

Graad 5

wiskunde

AFRIKAANS Boek 1


DEEL 2

WERKBLAAIE

1 tot 64


1a Getalle van 0 tot 1 000

Hoeveel kubusse sien jy altesaam? Pas die plekwaardekaarte by die basis-tien-blokke.




1. Tel die kubusse.

a.




_____

b.




_____


2. Hoeveel kubusse is daar altesaam?




a.



b.




c.




vervolg

1b Getalle van 0 tot 1 000 vervolg

d.



e.



3. Tel al die plekwaardekaarte op.

a. _____

b. _____

c. _____

d. _____

e. _____

4. Bereken die volgende:

a. 1 000 + 100 + 100 + 100 + 10 + 10 + 1 + 1 = _____

b. 1 000 + 1 000 + 100 + 100 + 100 + 100 + 10 + 10 + 1 + 1 + 1 + 1 + 1 = _____


c. 1 000 + 100 + 1 000 + 100 + 10 + 100 + 1 + 1 = _____

d. 1 000 + 1 + 100 + 10 + 1 000 + 10 + 100 + 100 + 1 = _____

e. 10 + 10 + 100 + 100 + 1 000 + 10 + 1 + 100 + 1 000 = _____

Hoe vinnig is jy?

Benodig:
Knipselblad 1.




Wat om te doen:
- Speel in groepe.
- Knip die kaarte agter in jou boek uit.
- Plaas dit onderstebo op die tafel.
- Jy kies vyf kaarte en jou maat kies vyf kaarte.
- Kyk wie die vinnigste die totaal kan gee.
- Tel 1 000 by jou antwoord.
- Toets jou vriend se antwoord.
- Doen dieselfde met 6/7/8/9/10 kaarte. Onthou om 1 000 by te tel.
- Die speler met die meeste korrekte antwoorde is die wenner.


Teken:

Datum:

2 Getalle van 0 tot 10 000

Wat is die totaal van die getalle op die kaarte?





5 628



In woorde is dit

vyfduisend seshonderd agt en twintig.

Gebruik knipselblad 2 om vyf verskillende getalle te toon.

1. Voltooi die volgende:

a. 8 000 + 400 + 30 + 2 = _____

b. 3 000 + 800 + 50 + 1 = _____

c. 1 000 + 200 + 80 + 7 = _____

d. 4 000 + 900 + 3 = _____

e. 7 000 + 7 = _____

2. Skryf die getal in die korrekte vorm:

		Duisende	Honderde	Tiene	Ene
a.	3 487	3	4	8	7
b.	4 204				
c.	6 003				
d.	8 710				
e.	6 080				

3. Jy het inkleurpotlode nodig om die vraag te beantwoord. Gebruik die eerste vraag om jou te help en voltooi die volgende.

a. 8 183 = **8 duisende + 1 honderd + 8 tiene + 3 ene**

b. 6 325 = _____

c. 5 555 = _____

d. 2 806 = _____

e. 6 005 = _____

4. Voltooi die tabel:

		Uitgebreide notasie	Woorde
a.	6 578		
b.	3 254		
c.	5 504		
d.	9 540		
e.	8 003		

5. Wat is die waarde van die onderstreepte getal?

a. <u>6</u> 214 _____

b. 5 89<u>1</u> _____

c. <u>5</u> 004 _____

d. 1 <u>2</u>40 _____

e. 8 0<u>4</u>0 _____

6. Wat sal jy doen om die getal te verander?

a,	4 824	− 400	4 424
b.	3 154		154
c.	2 054		2 004
d.	3 879		3 070
e.	5 571		5 000

Soek die getal …

Wat om te doen:
- Bring 'n koerant klas toe.
- Soek 4-syfergetalle. Skryf hulle neer.
- Verduidelik vir die klas wat elke getal beteken.

Benodig:
Koerantpapier




Teken:

Datum:

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

3 Meer oor getalle van 0 tot 10 000

Kyk na die Egiptiese getalle. Gebruik hulle om enige 5-syfergetal te maak.



1. Voltooi die tabel hieronder:

Egiptiese getal	Getal	Uitgebreide notasie
	1 431	1 000 + 400 + 30 + 1
		
		
		
		

2. Rangskik die getalle van die kleinste na die grootste.

a. 6 923, 6 239, 6 329, 6 223, 6 326 _____

b. 3 210, 3 201, 3 012, 3 021, 3 011 _____

c. 7 776, 7 767, 7 677, 7 676, 7 656 _____

d. 8 008, 8 080, 8 808, 8 800, 8 000 _____

e. 3 555, 5 335, 5 533, 5 535, 3 535 _____

3. Vul in < of >.

a. 6 923 [>] 6 293

b. 3 102 [ ] 3 103

c. 5 333 [ ] 6 222

d. 2 222 [ ] 2 220

e. 4 929 [ ] 4 992



groter as

>



4. Wat is die waarde van die 7 in elkeen van die getalle?

a. 2 784 _____ b. 7 582 _____ c. 5 487 _____

d. 7 519 _____ e. 3 752 _____

5. Voltooi die volgende:




a. Gebruik elke getal een keer en maak die kleinste 4-syfergetal. _____

b. Gebruik elke getal een keer en maak die grootste 4-syfergetal. _____

c. Jy kan nou 'n getal twee keer gebruik. Maak die kleinste 4-syfergetal. _____

d. Jy kan nou 'n getal twee keer gebruik. Maak die grootste 4-syfergetal. _____

6. Voltooi die volgende:




Jy het klippies op die bord laat val. Dit is die resultaat. Wat is die antwoord as jy al die getalle bymekaar tel?

_____

Wie kan die grootste getal kry?

Benodig:
- 'n Bord soos in die prentjie.
- Tien klippies.

Wat om te doen:
- Laat val die klippies op die bord.
- Skryf die getalwaarde neer van elke sirkel waarin 'n klippie geland het.
- Herhaal tien keer.
- Tel al die getalle op.
- Die wenner is die speler met die grootste getal.



Teken:

Datum:

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

4 Getallepatrone

Vervang ☐ met 'n getal.

4 + 6 =	☐	**5 + 5 =**	☐	**8 + 2 =**	☐	**3 + 7 =**	☐
23 + 7 =	☐	**24 + 6 =**	☐	**22 + 8 =**	☐	**25 + 5 =**	☐
430 + 70 =	☐	**440 + 60 =**	☐	**420 × 880 =**	☐	**450 + 50 =**	☐
430 + 270 =	☐	**440 + 260 =**	☐	**420 + 280 =**	☐	**450 + 250 =**	☐

1. Bereken die volgende.

Voorbeeld: Kommutatief eienskap van optelling.

15 + 5 = 52 of 37 + 15 = 52

59 + 368 = 427 of 368 + 59 = 427

87 + 62 = 149 of 62 + 87 = 149

a. 22 + 35 = 35 + ☐

b. ☐ + 8 = ☐ + 9

c. 99 + 89 = 89 + ☐

d. ☐ + 75 = ☐ + 76

e. 375 + 283 = 283 + ☐

f. 389 + 742 = ☐

Voorbeeld: Assosiatiewe eienskap van optelling.

(5 + 4) + 6 = 15 is dieselfde as 5 + (4 + 6) = 15

(35 + 28) + 17 = 80 is dieselfde as 35 + (28 + 17) = 80

99 + (7 + 45) = 151 is dieselfde as (99 + 7) + 45 = 151

2. Bereken die volgende.

a. (5 + 7) + 8 = ____ + (7 + 8)

b. (8 + 7) + 6 = 8 + (____ + 6)

c. 9 + (1 + 4) = (____ + ____) +4

d. (3 + 8) + 7 = ____ + (8 + 7)

e. (12 + 13) + 11 = 12 + (____ + 11)

f. 20 +(3 + 8) = (____ + ____) = ____

Los die probleme op.

'n Man het selfone vir al sy winkels gekoop. Hy het 6 789 swart-, 1 567 bruin- en 4 532 rooi-selfone gekoop. Hoeveel selfone het hy altesaam gekoop?

a. Wat is die vraag?

b. Wat is die getalle?

c. Watter basiese bewerking/s (+, -, ×, ÷) sal jy gebruik?

d. Skryf die getallesin neer.

e. Doen jou berekening.

Teken:

Datum:

5 Nog getallesinne

Skryf getallesinne deur van +, - en = gebruik te maak. Elke getallesin moet 'n 1 of 'n 0 insluit. Wat neem jy waar wanneer jy dit bereken?

4	+	0	=	4

1. Voltooi die volgende.

a. 10 = 5 + ☐, 10 – 5 = ☐

b. 10 = 7 + ☐, 10 – ☐ = 3

c. 10 = 4 + ☐, 10 – 4 = ☐

d. 10 = 6 + ☐, 10 – ☐ = 4

e. 10 = 2 + ☐, 10 – 2 = ☐

f. 10 = 9 + ☐, 10 – ☐ = 1

2. Voltooi die volgende.

a. 100 = 50 + ☐, 100 – 50 = ☐

b. 100 = 70 + ☐, 100 – ☐ = 30

c. 100 = 40 + ☐, 100 – 40 = ☐

d. 100 = 60 + ☐, 100 – ☐ = 40

e. 100 = 20 + ☐, 100 – 20 = ☐

f. 100 = 90 + ☐, 100 – ☐ = 10

3. Voltooi die volgende.

a. 1 000 = 500 + ☐, 1 000 – 500 = ☐

b. 1000 = 700 + ☐, 1 000 – ☐ = 300

c. 1 000 = 400 + ☐, 1 000 – 400 = ☐

d. 1 000 = 600 + ☐, 1 000 – ☐ = 400

e. 1 000 = 200 + ☐, 1 000 – 200 = ☐

f. 1 000 = 900 + ☐, 1 000 – ☐ = 100

4. Voltooi die volgende.

a. 100 = 57 + ☐, 100 – 57 = ☐

b. 100 = 72 + ☐, 100 – ☐ = 28

c. 100 = 43 + ☐, 100 – 43 = ☐

d. 100 = 69 + ☐, 100 – ☐ = 31

e. 100 = 25 + ☐, 100 – 25 = ☐

f. 100 = 91 + ☐, 100 – ☐ = 9

5. Watter patroon het jy waargeneem?

6. Dui aan of die volgende waar of onwaar is.

a. 6 + 5 = 5 + 6

b. 9 + 6 = 6 – 9

c. 12 – 4 = 4 – 12

d. 15 – 9 = 9 + 15

e. 8 + 7 = 7 – 8

f. 20 – 10 = 10 – 20

7. Los die probleem op.

Die prys vir 'n houer van gars is R8 231. Aangesien sommige van die gars verwoes is, is die prys met R3 789 verlaag. Watter prys sal 'n winkel eienaar vir die houer van gars betaal? (Jy sal 'n paar velle ekstra papier benodig om hierdie aktiwiteit te doen.)

a. Wat is die vraag?

b. Wat is die getalle?

c. Watter basiese bewerking/s (+, -, ×, ÷) sal jy gebruik?

d. Skryf die getallesin neer.

e. Doen jou berekening.

Combinasies

Hier is een kombinasie wat vir jou 20 sal gee. Hoeveel ander kombinasies kan jy self uitdink?

13 + 17 =

Teken:

Datum:

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

6a Optelling tot 4-syfer getalle

Wat is die verskil tussen die getalle in elke ry?

100	200	300	400	500	600	700	800	900	1 000
101	201	301	401	501	601	701	801	901	1 001
110	210	310	410	510	610	710	810	910	1 010
995	1 995	2 995	3 995	4 995	5 995	6 995	7 995	8 995	9 995
400	1 400	2 400	3 400	4 400	5 400	6 400	7 400	8 400	9 400

1. Watter getal is volgende?

a. 30, 40, 50, _____

b. 600, 700, 800, _____

c. 2 545, 3 545, 4 545, _____

d. 2 605, 2 705, 2 805, _____

e. 5 484, 6 484, 7 484, _____

f. 1 610, 1 710, 1 810, _____

2. Voltooi die tabel:

Getal	Tel 1 000 by	Tel 100 by	Tel 10 by	Tel 1 by
3 548				
8 354				
2632				
1 036				
4 999				

3. Vul die ontbrekende getal in:

a. 8 + ☐ = 10

b. 15 + ☐ = 20

c. 80 + ☐ = 100

d. 72 + ☐ = 100

e. 150 + ☐ = 200

f. 332 + ☐ = 350

g. 325 + ☐ = 400

h. 1 750 + ☐ = 2 000

i. 3 220 + ☐ = 3 500

j. 5 440 + ☐ = 6 000

4. Voltooi die tabel.

		Voltooi tot die volgende 10.	**Voltooi tot die volgende 100.**	**Voltooi tot die volgende 1 000.**
a.	457	457 + ☐ = 460	457 + ☐ = 500	
b.	125	125 + ☐ = 130	125 + ☐ = 200	125 + ☐ = 1 000
c.	575	575 + ☐ = 580	575 + ☐ = 600	575 + ☐ = 1 000
d.	853	853 + ☐ = 860	853 + ☐ = 900	853 + ☐ = 1 000
e.	976	976 + ☐ =	976 + ☐ =	976 + ☐ =

Teken:

Datum:

vervolg

6b Optelling tot 4-syfer getalle vervolg

Voorbelde:

Voorbeeld 1:

5 637+ 2 358
= 5 000 + 2 000 + 600 + 300 + 30 + 50 + 7 + 8
= 7 000 + 900 + 80 + 15
= 7 000 + 900 + 80 + 10 + 5
= 7 000 + 900 + 90 + 5
= 7 995

Voorbeeld 2:

	5	6	3	7	
+	2	3	5	8	
			1	5	(7 + 8)
			8	0	(30 + 50)
		9	0	0	(600 + 300)
+	7	0	0	0	(5 000 + 2 000)
	7	9	9	5	

5. Gebruik albei metodes om die volgende te bereken. Skryf die stappe in jou werkboek neer.

a. 3 268 + 1 211 =

b. 5 455 + 3 540 =

Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.

c. 4 765 + 3 219 =

d. 7 214 + 1 397 =

Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.

e. 6 984 + 659 =

f. 8 647 + 768 =

Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.

6. **Jy het verskillende optelmetodes geleer.**
   Van watter een hou jy die meeste? Skryf jou gunsteling optelsom hier.

Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.

Hoe groot is die getal?

Benodig:
- Gebruik die 10'e-, 100'e- en 1 000'e-dobbelstene wat jy in 'n vorige aktiwiteit gemaak het.
- Skoon papier.



Wat om te doen:
- Rol die groen 10'e-dobbelsteen.
- Tel die getal op die dobbelsteen by die eerste getal op die blou kaart.
- Skryf jou berekeninge op die papier neer.
- Doen nou dieselfde met die ander vier getalle op die blou kaart.
- Leerders kontroleer mekaar se antwoorde.
- Die wenner is die speler met die meeste korrekte antwoorde.

3 428
2 573
4 264
5 638
3 242

Teken:

Datum:

7a Optelprobleme

Hoe vinnig kan jy die volgende beantwoord?

- **Plus** 2 000 + 1 000 + 300 + 50 + 8 +2.
- Wat is die **som** van 5 000 en 2 000?
- Hoeveel is 6 000 en 300 **altesame**?
- Watter drie getalle gee saam 'n **totaal** van 500?
- 37 **plus** 15?
- Wat is die **som** van 200 en 36?
- Hoeveel is 95 en 25 **altesame**?
- Watter drie getalle gee saam 'n **totaal** van 100?


Hoe het die blou woorde jou gehelp?

Watter woord sal jou help om die bewerking te kies?




1. Los die volgende probleme op. Die prentjies sal jou help. Gebruik ook die woord in blou letters om jou te help.

a. Winkel A het 570 blikkies koeldrank verkoop. Winkel B het 320 blikkies koeldrank verkoop. Hoeveel het albei winkels saam verkoop?



en

+



500 + 300 + 70 + _____

= _____

= _____

= _____


= _____

Probeer om 'n prentjie in jou verbeelding te skep



b. My oom is 'n vragmotorbestuurder. Hy het gedurende Januarie 1 475 km gery en daarna nog 276 km. Hoe ver het hy in Januarie gery?

i. Watter prentjie sien jy?



ii. Watter bewerking gaan jy gebruik? _____

iii. Los die probleem op. Skryf dit in jou werksboek.

Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.

c. Johan het 2 389 botteldoppies versamel. Sannie het 3 983 botteldoppies versamel. Hoeveel botteldoppies het hulle altesaam versamel?

Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.


Teken:

Datum:

vervolg ☛

7b Optelprobleme vervolg

2. Kyk na die prentjies en skryf 'n interessante optelwoordsom neer.




Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.


3. **Skryf 'n gepaste en interessante woordsom vir: 6 594 en 3 485. Los dit op.**

Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.

Storiesomme …

Skryf drie van jou eie wiskunde stories/rympies/gedigte. Onthou, hulle moet getalle insluit.







Vergelyk jou werk met 'n maat s'n. Is dit dieselfde?

Teken:

Datum:

8a Aftrekking van 4-syfer getalle

Wat is die verskil tussen die getalle?

10	20	30	40	50	60	70	80	90	100
108	208	308	408	508	608	708	808	908	1008
150	250	350	450	550	650	750	850	950	1050
3	1 003	2 003	3 003	4 003	5 003	6 003	7 003	8 003	9 003
990	1 990	2 990	3 990	4 990	5 990	6 990	7 990	8 990	9 990

1. Watter getal is volgende?

a. 80, 70, 60, _____

b. 900, 800, 700, _____

c. 787, 687, 587, _____

d. 2 365, 2 355, 2 345, _____

e. 9 451, 8 451, 7 451, _____

f. 7 545, 6 545, 5 545, _____

2. Voltooi die tabel:

Getal	Trek 1 af	Trek 10 af	Trek 100 af	Trek 1 000 af
5 132				
1 874				
8 412				
4 657				
3 528				

3. Vul die ontbrekende getal in:

a. 3 – ____ = 0

b. 15 – ____ = 10

c. 37 – ____ = 30

d. 51 – ____ = 50

e. 116 – ____ =100

f. 150 – ____ = 120

g. 568 – ____ = 500

h. 984 – ____ = 800

i. 1952 – ____ = 1 500

j. 9 407 – ____ = 5 000

4. Voltooi die tabel:

		Voltooi tot die vorige 10.	Voltooi tot die vorige 100.	Voltooi tot die vorige 1 000.
a.	48	48 – 8 = 40		
b.	325	325 – ____ = 320	325 – ____ = 300	
c.	553	553 – ____ = 550	553 – ____ = 500	
d.	1 689	1 689 – ____ = 1 680	1689 – ____ = 1 600	1 689 – ____ = 1 000
e.	6 584	6 584 – ____ =	6 584 – ____ =	6 584 – ____ =

Teken:

Datum:

vervolg ☛

8b Aftrekking van 4-syfer getalle vervolg


Voorbeelde:

Voorbeeld 1:

4 328 – 3 145
= (4 000 – 3 000) + (300 – 100) + (20 – 40) + (8 – 5)
= (4 000 – 3 000) + (200 – 100) + (120 – 40) + (8 – 5)
= 1 000 + 100 + 80 + 3
= 1 183

Voorbeeld 2:

	4	3	2	8	
–	3	1	4	5	
				3	(8 – 5)
			8	0	(120 – 40)
		1	0	0	(200 – 100)
+	1	0	0	0	(4 000 – 3 000)
	1	1	8	3	



5. Gebruik albei metodes om die aftreksomme te bereken.

a. 3 812 – 2 708

b. 5 684 – 2 419

Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.

c. 8 148 – 2 077

d. 2 632 – 1 284

Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.

e. 9 657 – 3 489

f. 7 210 – 4 144

Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.

g. Watter metode verkies jy? Hoekom?

Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.

Voorbeelde:

Voorbeeld 1:

7 424 – 1 888

= (7 000 – 1 000) + (400 – 800) + (20 – 80) + (4 – 8)

= (7 000 – 1 000) + (400 – 800) + (10 – 80) + (14 – 8)

= (7 000 – 1 000) + (300 – 800) + (110 – 80) + (14 – 8)


= (6 000 – 1 000) + (1 300 – 800) + (110 – 80) + (14 – 8)

= 5 000 + 500 + 30 + 6

= 5 536

Voorbeeld 2:

	7	4	2	4	
–	1	8	8	8	
				6	(14 – 8)
			3	0	(110 – 80)
		5	0	0	(1 300 – 800)
+	5	0	0	0	(6 000 – 1 000)
	5	5	3	6	



6. Gebruik albei metodes om die aftreksomme te bereken.

a. 3 767 – 2 459

b. 8 715 – 4 108

Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.

c. 6 449 – 5 655

d. 9 564 – 6 295

Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.

e. 7 359 – 2 399

f. 5 222 – 4 653

Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.

g. Watter metode verkies jy? Waarom?

Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.

Hoe groot is jou getal? …

Benodig:
- Gebruik die 10'e-, 100'e- en 1 000'e-dobbelstene wat jy in die vroeër aktiwiteit gemaak het.
- Skoon papier



Wat om te doen:
- Hierdie is 'n individuele speletjie, teen 'n groep of die klas.
- Rol die (groen)10'e-dobbelsteen.
- Trek die getal op die dobbelsteen van die eerste getal op die blou kaart af.
- Skryf jou berekeninge op die papier neer.
- Doen nou dieselfde met die ander vier getalle op die blou kaart.
- Leerders kontroleer mekaar se antwoorde.
- Herhaal dieselfde aktiwiteit deur die 100'e- en 1 000'e-dobbelstene te gebruik.
- Die wenner is die speler met die meeste korrekte antwoorde.

3 784
4 278
5 734
6 234
7 342

Teken:

Datum:

9a Aftrekprobleme

Hoe vinnig kan jy die volgende beantwoord?

- **Trek** 40 000 van 80 000 af.
- Wat is die **verskil tussen** 7 800 en 5 400?
- 90 000 **minus** 55.
- **Verminder** 100 000 met 10 000.
- **Trek** 450 van 19 000 af.
- **Verminder** 50 000 met 1 000.
- **Neem** 15 000 **van** 45 000 weg
- **Neem** 25 000 **van** 100 000 weg.



1. Los die volgende probleme op. Die prentjies sal jou help. Gebruik ook die blou woord.

a. Werna het 780 plakkers in haar versameling. Linda het 410 plakkers minder. Hoeveel plakkers het Linda?







780 – 410

=

=

=

=



b. Jannie verkoop posseëls. Hy het Maandag 4 387 verkoop. Teen die einde van Dinsdag het hy 8 000 posseëls verkoop. Hoeveel seëls het hy op Dinsdag verkoop?

i. Watter prentjie sien jy in jou gedagtes?



Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.

ii. Watter bewerking sal jy gebruik?

Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.

iii. Los die probleem op. Skryf dit in jou werkboek.

Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.

Teken:

Datum:


vervolg ☛

9b Aftrekprobleme vervolg

c. My tannie maak juweliersware. Sy het 9 525 krale. Sy gebruik 4 250 krale om sommige van die juwele te maak. Hoeveel krale het sy oor?

Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.

2. Kyk na die prentjies van sokkerballe en tennisballe en skryf 'n interessante woordsom neer.



Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.

3. Skryf 'n gepaste en interessante woordsom vir 45 879 en 38 238.

Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.

Jou eie storie …



Teken:

Datum:

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30

10a Optelprobleme en Aftrekprobleme tot 5-syfer getalle

Hoe vinnig kan jy die volgende doen?

- **Tel** 6 000 en 800 bymekaar.
- **Trek** 600 van 4 000 af.
- 9 000 **plus** 330.
- Die **som** van 2 500 **en** 5 500 is?
- **Neem** 3 000 **van** 7 000 weg.
- **Verminder** 5 500 met 2 300.
- **Vermeerder** 1500 met 2 800.
- 1 250 **en** 4 250 is?



1. Voltooi die tabel:

	Plus 300	Minus 600	Plus 4 000	Minus 3 000
3 500				
6 200				
5 820				
4 650				
5 999				

2. Beantwoord die volgende vrae:

a. Wat is die teenoorgestelde van + ? _____

b. Wat is die teenoorgestelde van ÷ ? _____

3. Bereken die volgende:

a. 7 544 + 1 378 =

b. 4 245 + 1 996 =

Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.

c. 8 678 – 3 482 =

d. 3 124 – 1 657 =

Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.

4. Toets jou antwoorde op elkeen van die boonste berekeninge deur die teenoorgestelde bewerking te gebruik.

Gebruik nog 'n vel papier indien nodig.

Teken:

Datum:

vervolg ☛

15 16 17 18 19 20 21 22 23 24 25 26 27 28 29 30


10b Optelprobleme en Aftrekprobleme tot 5-syfer getalle vervolg

5. Los die volgende probleme op:

a. Tiaan en sy sussies tel van die diere in die dieretuin. Tiaan tel 234 diere, sy suster Susan tel 1 004 voëls, en hulle jongste sussie Louise tel 538 diere.

i. Hoeveel diere en voëls het hul altesame getel? _____


